# *Afrikaans Eerste Addisionele Taal*

# *Graad 10*

# *Interpretasie van visuele tekste (grafiese en visuele tekste)*

## Notas

Lettergrootte en lettertipe

- Hoe groter die letters, hoe meer aandag sal daarop gevestig word.
- Belangrike gedagtes of woorde kan deur lettergrootte uitgelig en sodoende beklemtoon word.
- Die spesifieke lettertipe wat gebruik word, sluit gewoonlik aan by die boodskap van die teks.
- Indien die teikenmark van ’n advertensie byvoorbeeld jong kinders is, kan die lettertipe moontlik in ’n kinderlike handskrif aangebied word.

Hoof- en subopskrifte

- Dis gewoonlik die grootste en verskeie maniere (soos kleur en lettergrootte) word aangewend om die opskrifte te laat uitstaan.
- Die hoofopskrif moet die leser se aandag trek om sodoende te verseker dat die res van die teks ook gelees word.
- Die subopskrif is kleiner en word gebruik om meer inligting aan die leser te verskaf.

Hou ook in gedagte

- Kleurgebruik
- Spesifieke praatborrels
- Suggesties: bv. rook wat trek, suggereer iets wat brand.
- Spotprent: alles op ’n spotprent moet in ag geneem word wanneer die betekenis daarvan bepaal word (die skematiese voorstellings is in die plek van geskrewe paragrawe).

Om ’n teks maksimaal te kan interpreteer, moet daar na alle moontlike inligting gekyk word en die doel daarvan moet verstaan word.

Hoe verskillende tegnieke die boodskap kan beinvloed

Ellips

- ‘n Ellips dui op ‘n pouse of tydsverloop (passing of time).
- ‘n Ellips dui daarop dat die idee nie voltooi is nie, daar word woorde ontbreek. (The idea is unfinished as the words/sentences are interrupted.)
- Dit gee die leser ‘n kans om self te dink en afleidings (conclusions, assumptions) te maak.

Uitroepteken

- Die uitroepteken word gebruik vir beklemtoning.
- Dui aan dat die spreuker opgewonder, verbaas, teleurgestel of kwaad is. (Indicates that the speaker is excited, surprised, upset or angry.)

Bold / Vetgedrukte skrif

- Kan dui op verbasing of woede. (surprise, shock or anger)

Die liggaamshouding

- Wanneer jy letterkunde vrae beatwoord, word daar gereeld verwag om na liggaamshouding te verwys.

Byvoorbeeld

- Mens kan aanneem dat iemand kwaad is as hulle hande op hulle heupe is en hulle wenkbroue laag geteken word.
- Iemand is verbaas as hulle oë groot geteken is en hulle mond wawyd oop is. (if their eyes are big and their mouth is open).
- Iemand is waarskynlik gelukkig as hulle glimlag.
- Spreek hierdie liggaamshoudings direk aan – sê presies wat jy sien.

Let ook op

- Let op of ‘n karakter snaaks geteken is, byvoorbeeld, met ‘n groot neus. (take note if a character is drawn strangely, such as with a big nose).
- Dit kan aandui dat die karakter bespot word. (indicate that the character is being mocked.)